Uitgawe 5 Augustus 2015






Die Sederhoutdeur met die ysterhout slot.

# So onthou ons...

## 'n Houtslot en houtsleutels op Wadrif, waarvan daar net twee in die wêreld is.

Die slot, deur 'n Hollander met die van, Van Dam, gemaak, is ongeveer 300 jaar oud. Daar is slegs twee van hierdie soort houtslotte in die wereld, en een van hulle is die een op die plaas Wadrif

Die deur was eers 'n toegangsdeur van 'n wynkelder, wat tans 'n motorhuis is. Die slot is gemaak van ysterhout. Die deur is 'n ysterhoutdeur en werk met ysterskaniere wat met die hand gesmee is. Die slot het twee sleutels wat horisontaal in die slot geplaas word. Elke sleutel het dan verskillende houtblokkies op soos 'n gewone sleutel se tande. Die onderste moet horisontaal gelig word sodat dit die boonste sleutel se blokkies gelyktydig kan oplig en sodoende die slot oop te sluit. Die deur is aanmekaar gesit met handgemaakte spykers genoem kapspykers. Die spykers is omgekap en deur die jare se verwering is die spykers nou sigbaar. Dit is ook 'n teken van die ouderdom van die deur.

Die deur is in 1960 vanaf die ou kelder verskuif na 'n vertrek waar die deur heeldag in die skaduwee is, om verdere verwering te voorkom. Die vertrek waar die deur tans as deur gebruik word, is die broodhuis genoem waar die ouer mense hul gebakte brode gestoor het. Hierdie vertrek word tans as 'n stoorkamer gebruik.

(Hugo en Madel Louw)



Links: Die twee Houtsleutels vir die Ysterhoutslot

Regs: Ysterhoutslot met die houtsleutels



IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| Uit die pen van Ds. Hennie de Kock | 2 |
| Sproeireën - Gedig | 3 |
| Klawer Eisteddfod | 3 |
| Uitdrukking oor henne | 4 |
| Vitamiene vir die Siel | 5 |
| Ballet - CPL | 5 |
| Resep: Bilting Quiche | 6 |
| Rugby en Netbal - CPL | 7 |
| Lief en Leed | 8 |
| Jongspan | 9 |
| Karoolus en Lente | 9 |
| Advertensies | 10 |
| Ten Slotte | 11 |

# Uit die pen van Ds. Hennie de Kock ...

## Toets vir Vergifnis

Die opdrag om ander te vergewe, is in sommige gevalle makliker uitvoerbaar as in ander! As dit byvoorbeeld nie werklik 'n groot en moedswillige misstap is wat 'n ander teen jou begaan het nie, as dit jou nie werklik seergemaak het nie, en veral as dit jou vriend is wat jy moet vergewe, is dit darem nie té moeilik nie. Maar, as die een wat jou te na gekom het, jou vyand is, as hy of sy 'n groot moedswillige misstap begaan het, as dit jou werklik seergemaak het dan lyk die saak anders! Juis hier lê die ware toets vir vergifnis.

Is ek bereid om ook mense wat my lewe op 'n ingrypende, negatiewe wyse geraak het, van harte te vergewe? Is ek bereid



om op te hou sê: ''n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand?

(Matt. 5:38)

*38"Nog 'n bevel wat julle goed ken, is die volgende: "n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand.' Oftewel: oortredings moet regverdig gestraf word. 39"Ek sê egter vandag vir julle: julle moenie mense wat julle sleg behandel probeer terugkry nie...*

Dit kan die dronk motorbestuurder wees wat my kind doodgery het, die rower wat my motor gekaap het, die nalatige dokter wat my gesondheid 'n knou gegee het, die mens wat my in die verlede afgeknou of verneder het.

So sou ons kon opnoem... die gemeentelid wat my in besigheid te nagekom het, die een wat my gevloek het en van my geskinder het. Die gemeentelid wat my skerp-bytend geantwoord het, die een wat altyd dwarstrek, nie eers dankie sê vir wat ek gedoen en opgeoffer het nie, die een wat altyd sy sin wil hê...

Kan ek hulle vergewe?

**Matt. 5: 43 – 48** sê:
*43 "Julle ken ook die ou opvatting: 'Wees lief vir jou naaste. Haat jou vyand.' 44 "Wel, dit is nie waar nie. Ek sê vandag vir julle dat julle ook julle vyande moet liefhê. Bid vir almal wat julle swaar laat kry en julle vervolg. 45 Dan leef julle regtig soos kinders van God. Want Hy doen goeie dinge vir almal. Hy laat die son skyn oor goeie mense en oor slegte mense. Hy laat dit ook reën oor goeie mense se grond en oor slegte mense se grond.*
*46 "As julle net daardie mense liefhet met wie julle goed oor die weg kom, moet julle nie verwag om daarvoor 'n medalje vir goeie diens by God te kry nie. Almal doen dit tog, ook slegte mense wat nie in God glo nie. 47 As julle net julle familie en vriende groet, het julle nog niks spesiaals gedoen nie. Selfs die grootste sondaars groet ook hulle vriende.*
*48 "Julle moet soos julle hemelse Vader wees. Hy het almal hier op die aarde lief. As julle ook vol liefde en respek optree teenoor almal met wie julle te doen kry, doen julle presies wat die wet van julle vra. Dan stap julle in julle hemelse Vader se voetspore. Dan is julle net soos Hy!"*

> *Ek sê vandag vir julle dat julle ook julle vyande moet liefhê. Bid vir almal wat julle swaar laat kry en julle vervolg. Dan leef julle regtig soos kinders van God*

**Slegs die wete dat God ons vergewe het, kan maak dat ons ander ook vergewe.**

# Sproeireën

(DJ Opperman)

My nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand …. iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!

As ek 'n stukkie nartjieskil
tussen my vingers buig of knak,
breek uit die klein sproeireën
wat geurend om my hand uitsak,
die boorde weer van Swartfoloos
en met die nartjies om my heen
weet ek hoe dat 'n vrou kan troos.

My nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand …… iemand in
anys, daar's 'n vrou in elke geur!



# Klawer Eisteddfod


Klawer Eisteddfod het op 31 Julie 2015 plaas gevind en die volgende Leipoldtvillers het presteer:



Arlene Visser



Nerine Visser



JG Visser



Anrica Koegelenberg

**Arlene Visser**

Twee spraak - Goud 83%

**Nerine Visser**

Twee spraak - Goud 87%

Engelse Voordrag - Cum Laude/Dubbel Goud 93%

Afrikaanse Voordrag - Goud 83%

**JG Visser**

Twee spraak - Cum Laude/Dubbel Goud 95%

Engelse Voordrag - Cum Laude/Dubbel Goud 95%

Afrikaanse Voordrag - Goud 87%

Visuele Kuns - Goud 86%

**Anrica Koegelenberg**

Afrikaanse Voordrag - Cum Laude/Dubbel goud 92%

# Uitdrukkings oor henne ...





Uitdrukking: 'n Eiewys **hen** lê die eier opsy.

Betekenis: Iemand wat nie na raad luister nie, begaan foute.

Uitdrukking: Die **hennetjie** wat eerste gekekkel het, het die eier gelê.

Betekenis: Die persoon wat eerste gepraat het, is skuldig.

Uitdrukking: Die **hen**/gans wat die goue eier lê.

Betekenis: Die bron wat baie voordeel bring.

Uitdrukking: Die **henne** wat die meeste kekkel, lê nie die meeste eiers nie.

Betekenis: Die wat die meeste praat, doen nie noodwendig die meeste nie.



Uitdrukking: 'n **Hen** wat kraai word (die) nek omgedraai (en 'n meisie wat fluit word by die deur uitgesmyt)

Betekenis: 'n Berisping aan meisies wat fluit.



Uitdrukking: 'n Blinde **hen** kry ook partykeer 'n mieliepit.

Betekenis: Selfs die onwaarskynlike kan gebeur.



Uitdrukking: Loop soos 'n **hen** wat nes soek.

Betekenis: Rusteloos rond en bont loop.



Baie dankie aan Jolanda Visser vir die pragtige fotos van Mieke en Heino.

# Vitamine vir die Hart

*Phil Bosman*

## ‛n Onaangename dag

Ek sal nooit gelukkig kan wees as ek geen kontrole hou oor my gevoelslewe nie, wanneer my dag bederf word deur ‘n stamp aan my motor, ‘n verkeerde woord tuis, ‘n vergissing in die werk, ‘n mislukte afspraak, ‘n minder goeie resultaat, ‘n kous of das wat verkeerd sit.

Ek sal nooit gelukkig kan wees as ek die slagoffer van my emosies is nie, slaaf van my drange, en gevange in stompsinnige verwagting.

Ek moet dit weer eens sê dat geluk nie soveel te make het met rykdom en besittings nie.

Geluk kom nooit per bankrekening of postjek nie.

Vermaak en plesier en ‘n oorsese vakansie kan jy koop, maar ‘n sorgvrye en tevrede hart, wat ‘n mens dit wat jy het laat geniet , is nooit en nêrens te koop nie. Dit is onbetaalbaar!

# Ballet



Op die 20ste Junie 2015 het die ballet dogters van die Christelike Privaatskool Leipoldtville aan die “Lambertsbay’s Got Talent” deelgeneem. Die dogters het hulle goed van hul taak gekwyt. Marquerite Louw is as ’n toekomstige dansertjie uitgewys. CPL is baie trots op hierdie dogters en wil graag vir Patsy Newman , hul afrigter, vir haar insette bedank.

# Zelda Louw se Biltong Quiche

(4-6 Porsies)

Biltong en rugby is mos beste maats. Die quiche resep sal beslis 'n gunsteling word. Hierdie resep is deur Zelda Louw ingestuur en ek verstaan nou waarom Hentie so graag rugby kyk …



Resep is uitgetoets en geillustreer deur Marlena du Toit.

Bestanddele:

1 x 400 g Broskorsdeeg

100g sterk cheddarkaas, grof gerasper

160g gesnyde beesbiltong

2 eiers

250 ml room

Varsgemaalde swartpeper na smaak

Verhit oond tot 180°C. Rol broskorsdeeg op 'n meelbestrooide oppervlak dunner uit. Voer 'n gesmeerde tertbord van sowat 18cm met deeg uit. Sprinkel kaas onder in tertbak en rangskik biltong bo-op. Klits die eiers en room saam en gooi oor kaas en biltong, geur met peper. Bak vir sowat 35 minute tot eiermengsel gestol het. Bedien warm of wanneer afgekoel.









*Wenke:*

*- Klam Biltong werk die beste*

*- Vars kruie kan na smaak bygevoeg word.*

# Rugby en Netbal



Op die 25ste Julie 2015, het die seuns en dogters van die Christelike Privaatskool Leipoldtville aan 'n sportdag by Nouveau Kollege deel geneem. Dit het baie goed gegaan met beide spanne. Baie dankie aan Wimpie Louw vir die afrigting van die rugbyspannetjie wat dan ook hulle eerste wedstryd gewen het. Baie dankie ook aan die CPL onderwyseresse vir die netbalspannetjie se afrigting.














# Lief en Leed

Wimpie en Cecile Louw se seuntjie, Wilru, is op 2 Julie 2015 gebore.

Driaan en Marguerite Louw is baie trots op hul pragtige bababoetie.



Albert Robertson se gedenkdiens is op

1 Augustus 2015 deur Ds. Hennie de Kock waargeneem.



Johan en Lida Botha verhuis in Augustus 2015 na de Rust naby Oudtshoorn.



# Jongspan



**Matteus 21: 22 As julle glo, sal julle alles ontvang wat julle in die gebed vra.**

Ek voel ons onderskat die krag van gebed. Deur in Hom te glo en te bid kan wonderwerke in ons lewens gebeur.

Carla O'Connell Gr. 10

# *Oom Karoolus en Lente besoek CPL*

Christelike Privaatskool Leipoldtville se leerders was baie bevoorreg om Oom Karoolus en Lente die 23ste Julie 2015 by hulle op Leipoldtville te ontvang.

Die leerders het Oom Karoolus en Lente vreeslik geniet en lekker saam met hulle gedans en gesing.

Die lessie wat hul gebring het was baie waardevol en die kinders het baie geleer.



# ADVERTENSIES

**KAAPSTAD VARS PRODUKTE MARK**
110 Gunners Circle
EPPING 1
7475
GPS Koordinate : -33° 55' 51.49, +18° 31' 50.34

Posbus 273, EPPINDUST, 7475
TEL : 021-531-2097 / 8
FAKS : 021-531-2189
EPOS : aneneg@rsa.co.za
capetown@rsa.co.za




*The Profreshionals®*
Bestuurder : Geo Van Zyl (082-778-7111)

**Vakante Pos**

Skriba Leipoldtville Gemeente

Kontak

Ds. Hennie de Kock 083 263 0099

Elsabe Carstens 083 225 6536

Kerkkantoor 027 412 2844

Sluit-ingsdatum: 25 September 2015

Epos: ngkleipoldtville@mylan.co.za

**Erf te koop**

R350 000-00

**Graafwater**

8533m2

Skakel Henk van Zyl vir inligting

**083 260 5669**

# Triple J Lodge



*Graafwater*

**Kayser's Skoonmaak Dienste**

**Estelle: 081 577 6951**

**Lambertsbaai**




**Was van:**

- Alle matte, kussings en matrasse
- Voertuie - Binne, buite, bagasie-bakke en sitplekke
- Karavane (Kussings ens)
- Motorbote (Sitplekke)
- Sitkamerstelle
- Oorpakke en kleure

**GESOEK: WONING TE HUUR**

*Oktober tot November 2015*

In Leipoldtville omgewing

**Bianca Gersbach**

072 461 7452

bmatthee@gmail.com



# NG Kerk Leipoldtville

**Kerkkantoor**

**Tel: 027 412 2844 Faks: 086 210 7798**

| Leraar: | Gemeentebestuurder | Koster: | Kassier: | Skriba: |
|---|---|---|---|---|
| Ds. Hennie de Kock | Elsabe Carstens | Carol Loubser | Corlia Carstens | Lida Slabber |
| Tel/Faks: 027 4122823 | Tel: 027 422 1802 | Tel: 027 422 1347 | Tel: 027 4221030 (h) | Tel: 027 412 2331 (h) |
| Sel: 083 263 0099 | | Sel: 073 419 2830 | Sel: 083 632 4284 | Sel: 083 866 7760 |

# Ten Slotte

In Augustus vier ons Vrouedag en daarom was my inspirasie die henne en die gedig Sproeireën van DJ Opperman… my nooi is in ‘n nartjie, my ouma in kaneel, daars iemand in anys, daars ‘n vrou in elke geur.

Ek wil net baie dankie sê vir die terugvoer wat ek steeds na elke uitgawe van Die Leipoldt ontvang.

As iemand foto’s van die Leipoldt Kuierfees geneem het, kan julle dit gerus instuur, sodat ons van die fotos in ons volgende uitgawe kan gebruik.

Stuur asseblief enige voorstelle of nuus na

dieleipoldt@gmail.com

Redaktrise: *Karien O'Connell*

Redigering: Gideon van der Merwe